Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2010

ONTWERP (TEORIE) V1

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in hierdie vraestel.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die vrae aandagtig deur.
4. Beantwoord die vrae in volsinne. Vermy die maak van ŉ lys van feite.
5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

VISUELE GELETTERDHEID: ONGESIENE WERKE

Bestudeer die twee logo's in FIGUUR 1 en FIGUUR 2 hieronder.

FIGUUR 1

FIGUUR 2

1.1 Bespreek die simbolisme wat gebruik word in FIGUUR 1. (6)

1.2 Dink jy FIGUUR 2 is 'n suksesvolle logo? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.3 Het die ontwerper in FIGUUR 1 die tipografie en beelde goed bymekaar laat pas? Verduidelik jou antwoord. (2)

1.4 Noem TWEE beginsels van Ontwerp wat sterk deurkom in FIGUUR 1 en verduidelik hoe elke beginsel toegepas word. (4)

1.5 Bestudeer die grafiese ontwerp uitleg hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.



FIGUUR 3
'Infinity' deur die SUBURBIA Ontwerp Agentskap

1.5.1 Identifiseer en verduidelik DRIE Gestalt beginsels wat van toepassing is op die bostaande ontwerp. (6)

[20]

VRAAG 2

INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP
(KUNS- EN KUNSVLYTBEWEGING; ART NOUVEAU; BAUHAUS; ART DECO)

2.1 Bestudeer die illustrasies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FIGUUR 4
Cargo Tafel' is ontwerp deur 'n kontemporêre Suid-Afrikaanse besigheid genaamd 'Egg Junior Designs'. Die tafel word op bestelling gemaak van Baltic dennehout kratte en poeier omhulde staal.

FIGUUR 5
'Bord met Blare' ontwerp deur Suid-Afrikaanse Keramiekontwerper, Betsy Nield.

FIGUUR 6
Kontemporêre slaapkamerkas ontwerp deur Nicole Miller en vervaardig in Italië.

Identifiseer ŉ Westerse Ontwerpbeweging wat moontlik die ontwerpe hierbo (FIGUUR 4, 5 en 6) kon beïnvloed het. Lys TWEE ooreenkomste tussen elke ontwerp en die beweging wat jy dink dit beïnvloed het. (9)

2.2 2.2.1 Bespreek die DOELWITTE en INVLOEDE op die Bauhaus skool van Kuns en Ontwerp. (5)

2.2.2 Verskaf die naam van EEN Art Deco produk en sy ontwerper wat jy hierdie jaar bestudeer het. Gee ook ŉ kort, formele analise van die produk. (6)

2.3 SUID-AFRIKAANSE EN PAN-AFRIKA ONTWERP

Ons kan baie leer van die Inheemse Kennis Stelsels wat ontwikkel het in Afrika. Skryf ŉ opstel oor enige TWEE tradisionele Suid-Afrikaanse of Afrika kunsvlytmetodes en -tegnieke wat jy nagevors het in jou studies om die rykheid inherent in elk aan te toon.

Vir elkeen moet jy die volgende insluit:

- ŉ Kort geskiedenis van die ontwikkeling (3)
- Gebruik van materiale, metodes en prosesse (4)
- Doel/Funksies (3)

(10 x 2) (20)
[40]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die beeld hier onder en beantwoord die vrae wat volg :

FIGUUR 7
Kontemporêre Zulu-kershouers

3.1.1 Gee TWEE redes hoekom hierdie ontwerpe geklassifiseer kan word as Suid-Afrikaans. (2)

3.1.2 Skryf ŉ definisie vir die term 'skepping van ŉ Suid-Afrikaanse identiteit'. (2)

3.1.3 Lys DRIE redes hoekom die maak van ŉ ontwerp met ŉ Suid-Afrikaanse identiteit positief kan wees. (3)

3.1.4 Bespreek kortliks die positiewe en negatiewe aspekte as dit kom by die samesmelting van Internasionale style met tradisionele Suid-Afrikaanse ontwerpe. (3)

3.2 Skryf ŉ kort opstel oor enige erkende kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper onder die volgende opskrifte:

- Naam van die ontwerper en sy/haar dissipline (1)
- Kort agtergrond en opleiding (2)
- Afrika-invloede en inspirasie (2)
- Ontwerpsproses (2)
- Algemene eienskappe (3)

3.3 Bespreek die werk van EEN kontemporêre Internasionale ontwerper wat jy bestudeer het. Verduidelik ook hoekom jy dink die ontwerper se werk het ŉ belangrike bydrae gelewer tot mense se lewens en/of die wêreld waarin ons woon. (10)

[30]

VRAAG 4

SOSIALE EN OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID

4.1 Bestudeer die plakkate hier onder en beantwoord die vrae wat volg:



FIGUUR 8



FIGUUR 9

Die effektiwiteit van die boodskap op enige plakkaat hang af van die uitleg van die beelde en die teks asook van die keuse van lettertipe.

4.1.1 Vergelyk die boonste twee plakkate om te wys op watter manier hulle die volgende reëls verbreek of nakom:

- Leesbaarheid
- Uitleg van lettertipe
- Kombinasie van lettertipe met beelde
- Keuse van lettertipe(s)
- Gepastheid van beeld tot onderwerp (10)

4.1.2 Watter van die twee boonste plakkate kommunikeer sy boodskap die duidelikste en hoekom? (2)

4.2 4.2.1 Verduidelik die volgende terme en se of hulle in enige van die boonste plakkate gebruik word of nie:

- Sans serif (2)
- Leispasie (‘leading’) (2)
- Kursief (‘italics’) (2)
- Lettertipe groepering/plasing (‘alignment’) (2)

4.3 Ontwerp is ’n belangrike instrument wat sosiale verandering teweeg kan bring. Ontwerpers moet hierdie verantwoordelikheid aanvaar en aangryp.

Bespreek die werk van ’n Internasionale **OF** Suid- Afrikaanse **OF** Pan-Afrika ontwerper of ontwerpgroep wat duidelik sosiale kwessies aanspreek. Verwys na voorbeelde in jou bespreking. MOET NIE enige ontwerpers HERHAAL wat jy al in hierdie vraestel bespreek het nie. (10)

[30]

VRAAG 5

ONTWERP IN 'n BESIGHEIDSKONTEKS

5.1 Bestudeer die beeld hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

FIGUUR 10

5.1.1 Gee VYF redes hoekom jy dink die boonste verpakkingsontwerp (FIGUUR 10) kan gesien word as effektief. (5)

5.1.2 Dink jy die verpakkingsontwerp in FIGUUR 10 kan verbeter word? Verduidelik met redes. (2)

5.1.3 Noem TWEE moontlike metodes om die boonste produk te bemark en verskaf dan 'n gedetailleerde beskrywing van elke metode. (10)

5.1.4 Lys SES dinge wat in ag geneem moet word wanneer 'n produk geprys word. (6)

5.2 5.2.1 Definieer die volgende terme:

- Teikenmark
- Koper
- Briefhoof
- Verbruikerskultuur (4)

5.2.2 Verduidelik watter persoonlike kwaliteite en tentoonstellingsvaardighede jy sou gebruik wanneer jy jou werk aan kopers, kliënte of moontlike handelaars voorstel. (3)

[30]

TOTAAL: 150